# Les 5 - Openbaring 5

**Oopmaak van die boekrol**

5 1 Ek het in die regterhand van
Hom wat op die troon sit 'n
boekrol gesien, aan die
binnekant en die buitekant vol geskryf,
en met sewe seëls goed verseël. 2 Ek
het ook 'n sterk engel gesien, wat met
'n harde stem uitroep: “Wie is waardig
om die boekrol oop te maak en die
seëls daarvan te breek?” 3 Niemand –
nie in die hemel, nie op die aarde, nie
onder die aarde – was egter in staat
om die boekrol oop te maak of daarin
te kyk nie. 4 Ek het baie gehuil, omdat
daar niemand gevind kon word wat
waardig is om die boekrol oop te maak
of daarin te kyk nie. 5 Toe sê een van
die ouderlinge vir my: “Hou op huil!
Kyk, die Leeu uit die stam van Juda,
die wortel van Dawid, het oorwin,
sodat Hy die boekrol en die sewe seëls
daarvan kan oopmaak.” 6 En ek het
tussen die troon en die vier lewende
wesens, en tussen die ouderlinge, 'n
Lam, soos een wat geslag is, sien
staan. Hy het sewe horings en sewe oë
gehad – die sewe Geeste van God –
wat oor die hele aarde heen uitgestuur
is. 7 En Hy het nader gegaan, en die
boekrol geneem uit die regterhand van
Hom wat op die troon sit. 8 Toe Hy die
boekrol neem, het die vier lewende
wesens en die vier-en-twintig
ouderlinge voor die Lam neergeval.
Elkeen het 'n lier en 'n goue bak vol
reukwerk, wat die gebede van die
heiliges is, vasgehou. 9 Toe sing hulle
'n nuwe lied: “U is waardig om die
boekrol te neem, en die seëls daarvan
oop te breek, omdat U geslag is, en
met u bloed mense vir God gekoop
het, uit elke geslag en taal en volk en
nasie. 10 U het hulle 'n koninkryk en
priesters vir ons God gemaak, en hulle
sal as konings oor die aarde heers.” 11
Toe ek weer kyk, hoor ek die sang van
baie engele rondom die troon, en van
die lewende wesens en die ouderlinge.
Daar was tienduisend maal
tienduisende, duisend maal duisende,
12 wat met harde stemme uitroep:
“Waardig is die Lam wat geslag is,j om
die krag en rykdom en wysheid en
sterkte en eer en heerlikheid en lof te
ontvang.” 13 En ek het die hele
skepping – in die hemel, op die aarde
en onder die aarde, op die see, en alles
wat daarin bestaan – hoor uitroep:
“Aan Hom wat op die troon sit, en aan
die Lam, kom toe die lof en die eer en
die heerlikheid en die sterkte, vir ewig
en ewig.” 14 Die vier lewende wesens
het ook uitgeroep: “•Amen!” En die
ouderlinge het neergeval in
aanbidding.

Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling (Hoofletteruitgawe) (Afrikaans Edition) (pp. 3937-3938). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.

# Aantekeninge

1. Nie die Leeu nie maar die Lam is waardig om die boekrol oop te maak
    1. Die Leeu uit Juda is waardig om die boek met die sewe sels oop te maak. En dan volg 'n verrassingsoomblik wanneer nie 'n Leeu nie, maar 'n Lam verskyn. Die eerste lied beklemtoon die waarheid van die Lam (5:9-10), en die tweede die kruisdood van die Lam, Jesus Christus (5:12).
2. Die boekrol in God se regterhand
    1. Ons sou twee moontlike vertalings vir die Griekse woord biblion kon gee: boek of boekrol. Laasgenoemde was die bekende papirusrol wat van Egip-tiese papirusstroke gemaak is. Dié papirusrolle was tot aan die einde van die eerste ee na Christus in algemene gebruik en het vanaf 3000 vC die algemene skryfmateriaal uitgemaak. Die latere kodeks, of boek, is gemaak van gebreide leer (wat perkament genoem is) en het veral vanaf die tweede eeu na Christus gewild geword. Die papirusrol was ongeveer tien meter lank en gewoonlik net aan die een kant volgeskryf. Boekrolle, wat aan albei kante volgeskryf was, was in baie gevalle privaatkontrakte wat verseël was vir die openbare oog. Seëls was klonte klei of was met die stempel van 'n seelring daarop om dit ampte-lik te maak. Die doel van die verseeling van apokaliptiese geskrifte was om die inhoud geheim te hou tot met die vervulling daarvan (Dan 8:26; 12:9). Dit moes ook pogings van latere vervalsers fnuik.
3. Die inhoud van die boekrol
    1. Die meeste vereistes word met die volgende interpretasiemoontlikheid beantwoord::Die boekrol bevat God se toekoms vir hierdie geskiedenis. Dit sluit verlossing en oordeel in. Die seëls wat vanaf Openbaring 6 as deel van God se oordeel beskryf word, is steeds deel van die oopmaak van die boekrol en vorm die voorspel tot die daarop-volgende ontvouing van God se verlossing en oordeel (8:2-22:5). Dit bevat die inwerkingstelling van God se plan, met ander woorde, die boekrol bevat God se "bloudruk" vir wat voorlê, sonder om identies te wees aan die gebeure wat in 6:1-22:5 afspeel.Die voor- en agterkant is volgeskryf, net soos in die geval van 'n kontrak. Die buitekant bevat die opsommende inhoudsopgawe om inligting te verskaf oor die binnekant van die boekrol, maar ook om enige moontlike vervalsing te voorkom. Die sewe seëls beklemtoon die volledige geslotenheid van die inhoud, om eers onthul te word wan-neer die seëls een vir een gebreek word, en God se plan ontvou.
4. Wie kan die boekrol opmaak
    1. Daar is lemand wat - op grond van sy optrede - waardig genoeg is om die boekrol oop te maak. Dit is die Leeu uit die stam van Juda (5:5b), die Afstammeling (wortel) van Dawid wat reeds oorwin het. Dié twee treffende beskrywings van Christus kom uit Genesis 49:9 en Jesaja 11:1 (lees ook Jer 11:19; 23:5; 33:15; Sag 3:8). Albei beskryf die Messiaanse (gesalfde) figuur wat die vyand sal oorweldig. Die leeufiguur, wat in antieke geskrifte met koninklike krag en mag geassosieer is, is 'n besonderse beeld van die verwagte Messias Job 10:16; Jes 31:4; Jer 50:44; Hos 5:14). Dié verwagte "koninklike Leeu" word nader gekwalifiseer as uit die stam van Juda en as die Afstammeling (wortel) van Dawid (Op 5:5b).
5. Die fokus vam die boodskap in Openbaring 5: 1 - 14
    1. Openbaring 5 vertel van die eskatologie (die leer oor die eindtyd en die einddinge). Dit is die toekoms en uiteinde van hierdie geskiedenis waarvan ons deel is, en wat eers sigbaar kon word toe die Lam wat waardig is die boekrol oopgemaak het. Slegs die Lam van God is waardig om die seëls van die boekrol te breek omdat Hy sy lewe daar-voor gegee het. Hy is die Middelaar op grond van sy kruisdood. 5.Christus se Godheid word sterk beklemtoon, en hoofstuk 5 besing sy Godheid en prys Hom met dieselfde lof en taal as waarmee God ge-prys word. Die Lam as koning én as offerande gee betekenis aan die res van die vertelling.Hoofstuk 5 laat die hemelhof op die aarde grondvat. Die verbin-dingspunt lê in die soteriologie (die leer oor die verlossing). As gelowiges deel ons ook in die oorwinning wat Christus deur sy kruisdood oor die Satan behaal het. Ons hoef hom nie weer te oorwin nie, maar moet deur ons getuienis sy oorwinning sonder ophou op elke lewensterrein proklameer. Ons neem deel aan 'n verbete stryd, maar weet reeds wat die uitslag gaan wees. Die erediens in die troonsaal sê ook soveel oor ons aanbidding.

*Bron: Jan du Rand, Die A-Z van Openbaring: ’n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring, CUM, Vereeniging, 2007*